# Hoofstuk van die dag: Jesaja 58

> *Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle ’n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou. (vers 2)*

Hierdie woorde van God is ongelukkig die boodskap van die hele Ou Testament. Presies dit was Samuel se verwyt aan Saul (1 Sam 15:22). Dit was die profeet Amos se groot aanklag (Amos 5:23-24). In Hos 6:6 sê die Here: “Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.” Die Here Jesus het twee maal hierdie woorde aangehaal (Matt 9:13 en 12:7; vgl Mark 12:33). Dit was ook die saak wat Hom die heel meeste gegrief het van die Fariseërs (kyk o.a. na Matt 23:23; lees ook Matt 7:21-23).

Skyngodsdiens en skynvroomheid beïndruk God nie. Hy verwag opregtheid diep in ’n mens se hart, sê koning Dawid (Ps 51:8). Daarom is die toets wat die Here by sy wederkoms sal aanlê, nie wat jy alles gesê en getuig het nie, maar wat jy as gelowige gedoen het in jou lewe met ander (Matt 25:31-46).

Laat mens dink, nie waar nie?



© Bybelkoerant 2018 – 2026